



HOËRSKOOL BREDASDORP HIGH SCHOOL

Nuusbrief Newsletter

24 | 2024
25 | 10 | 2024

BELANGRIKE DATUMS

Vry. & Sat 25-26 Okt: Tennistoernooi (Swellendam)
Vry 1 Nov: Jo Black optrede met BD's in kersaal (8h00-10h00)
Sat 2 Nov: Krieket o.19A vs HS Hottentots Holland

GELUKKIGE VERJAARSDAG



29 Oktober: Me Brenda Apollis (koshuis)
31 Oktober: Mnr Müller Retief



BEGROTINGSVERGADERING

Die begrotingsvergadering vind op **12 November**, om **18h00**, in die **skoolsaal** plaas. Die begrotingsvoorstelle sal vanaf 29 Oktober in mev Wessels se kantoor ter insae beskikbaar wees.

BUDGET MEETING

The budget meeting will take place on **12 November**, at **18h00**, in the **school hall**. The budget proposals will be available for perusal in the office of Mrs Wessels from 29 October.

PERSONEEL

- Mnr Piet Smit, debiteure klerk, verlaat HSB op 31 Oktober. Ons is dankbaar vir sy 12 jaar diens aan ons skool. Mag sy aftrede vir hom en sy familie 'n genotvolle lewensfase wees.
- Me Estelle Genis het bedank nadat sy die afgelope 7 jaar as RTT-opvoeder by HSB betrokke was. Sy verlaat die skool einde vanjaar. Ons wens haar 'n mooi toekoms toe.

AKADEMIE

WISKUNDE: WES-KAAP ABAKUS STREEKSKOMPETISIE

Luché Fredericks (gr 9) en Mary-Joy Smith (gr 8) het op 19 Oktober, in Hermanus, aan die Wiskunde Abakus streekskompetisie deelgeneem. Luché het 'n bronsmedalje ontvang en Mary-Joy is as "Top Achiever" in haar kategorie aangewys. Mary-Joy was ook die wenner in die Diktasie-kompetisie waar daar teen spoed vir die deelnemers getalle van duisende tot in die biljarde (16 getalle in 'n ry) voorgelees word en hul dit dan op 'n abakus moet optel.

Beide leerders het gekwalifiseer vir die internasionale kompetisie van 2025 in Suid-Korea nadat hul in die Mei-eksamen bo 70% behaal het.

Baie geluk met die pragtige prestasie!



Luché Fredericks



Mary-Joy Smith



Connect to the community! Feestyd bederfbak

Be part of our community project!
We are collecting products to fill a 'goodie box'. The containers are designed to make people's festive season brighter, especially for those who are struggling.

Please bring your donations to your register teacher. Let's bring joy to those less fortunate than us this festive season!

Suggested items include instant coffee, chocolates, custard, cookies, instant pudding, and more.
Let's stand together as BDs and make someone's festive season a joyful time too.



Die gr 11 Geografie en Fisiese Wetenskappe-leerders het op 23 Oktober 'n uitstappie na die Palmiet Pomp- en Stoor kragssentrale in Hermanus onderneem. Die groep, vergesel deur mee Aliessa Odendaal en Carina du Toit, het die besoek baie insiggewend gevind.

PRESTIGE-TOEKENINGS

Op 15 Oktober is die 2024 gr 12-klas, sowel as die BD's wat die toppresterders was op kultuur- en sportgebied, vir hulle uitsonderlike prestasies vereer. Baie geluk ook aan ons matrikulante wat erkenning gekry het vir hul akademiese prestasies en besondere karaktertrekke.

Die aand is georganiseer onder die bekwame leiding van mev Tanya de Kock. Sonder ons borge en donateurs sou hierdie prestige-aand onmoontlik wees. Baie dankie vir hulle betrokkenheid by Hoërskool Bredasdorp.

DUX 2024: Somé Louw



Top 3 gr 12 Akademiese posisies:

Helena Kriel (bronsmedalje), Somé Louw (goue medalje), Tanya vd Mescht (silwermedalje)



Hoogste Vakpersentasies gr 12:

Aime-Lee Maree (AFR EAT), Helena Kriel (Rek, BS, Geo), Hilke Swanepoel (BS), Anja Geyer (TOER), Somé Louw (AFR HT, ENG HL, Wisk, LO, IGO, LW, FW, Best in Both Home Languages), Jacques Harmse (Maths, IT, CAT), Jualique Rautenbach (ENG FAL, WG), Ina- Mari Augustyn (VERB), Tanya van der Mescht (ENG FAL, REK), Micah Payne (Best Consumers PAT)



Kultuur:

San-Mari Rossouw (gr 11, Mees veelsydige senior), Helena Kriel (gr 12, Mees entoesiastiese senior), Suzanne Pretorius (gr 11, Mees entoesiastiese senior), Daniël Fourie (gr 8 Mees entoesiastiese junior), Malienke van Wyk (gr 9, Mees veelsydige junior en Mees uitsonderlike kultuurprestasie 2024)



Sport (Ander): Jessica Flack (Ruiterskuns), Janko Rossouw (Klank), Willem Strauss (Jeugskou), Deon Harmse (Chess), Hugo Bester (Boothengel), Aiden Payne (Cross Country)
Absent: Leighton Arends (Kickboxing)



Sport (Somer): Edmund O'Ehley (Golf), Hugo Pretorius (Swem), Suzanne Pretorius (Swem & Onderwaterhokkie), Lohann Fourie (Tennis), Dirk Neethling (Tweekamp), Kiethon Arries (Krieket), Anja Geyer (Tennis), Junicke Newman (Krieket)
Afwesig: Madelein Engel (Atletiek), Leighton Arends (Athletics)



Mong Sporttrofee: Junicke Newman (Beste Senior Sportdogter), Hugo Pretorius (Beste Junior Sportseun), Hugo Bester (Beste Senior Sportseun), Rémy Wessels (Beste Junior Sportdogter)



Sport (Winter): Caleb Witbooi (Hockey), Some Louw (Netbal), Albert Lambrecht (Rugby), Farrah Witbooi (Hockey)



Sport (Best Overall): Junicke Newman



MOOV-studiebeurs vir verdienstelikheid:
Ina-Mari Augustyn



Gr 12 Karakter-toekennings: Jeandré Human (Retief-toekennning Seun: Toegewyd in Akademie), Fayannette Kruger (Retief-toekennning Dogter: Toegewyd in Akademie), Mikayla Herselman (Smit-trofee: Akademiese volharding), Some Louw (Kindliness & Courtesy), Kyle Willeman (Kindliness & Courtesy)

DRIE MEDALJES VIR BD-SKRYWER

Tydens die Cape Town Eisteddfod se jaarlikse prysuitdeling is Malienke van Wyk (gr 9) vereer met nie minder as drie medaljes nie. Deelnemers is vir 'n wye reeks genres vir hierdie eisteddfod, wat vanjaar hul 120ste bestaansjaar vier, beloon in hul onderskeie kategorieë. Beslis 'n puik prestasie as in ag geneem moet word dat sy as gr 9-leerder moes meeding met kandidate tot in matriek.

Malienke ontvang die volgende medaljes:

Goue medalje, eerste plek vir short story, 15-18 jaar

Silwer medalje vir poems, 15-18 jaar

Goue medalje vir beste overall creative writer 15-18 yrs

Jy maak ons BD-harte trots, Malienke!



HOERSKOOL BREDASDORP
en Quiz Masters SA
hou 'n

QUIZ NIGHT

Donderdag, 7 November 2024 18h00
Ghoftklub
R250 pp / R2500 per tafel (10 mense)

Kaartjies sluit in 'n heerlike ete.
Verskeie pryse om te wen!

Kom toets jou algemene kennis
en kuier lekker saam!

Bespreek jou tafel by 072 981 9050.



KWARTAALTEMA
Connect Community

JAARTEMA:
CONNECT



Connect to the community! Feestyd bederfbak

Wees deel van ons gemeenskapsprojek. Ons versamel produkte om in 'n berderfbak te sit. Die bakke is om mense se feestyd beter te maak waar dit swaar gaan.

Bring jou produkte vir jou registeronderwyser. Kom ons bederf hulle wat minder as ons het die feestyd. Ons het mos omgeeharte!

Die produkte kan enige iets wees van kitskoffie, sjokolade, vla, koekies, kitspoeding, ens. Kom ons BD's staan saam en maak iemand se feestyd ook 'n lekker tyd.



SPORTUITSLAE:

HSB ROLA GROEP TOP 10 ATLETIEK IS TOPS

HSB se jaarliksde TOP TIEN ATLETIEKBYEENKOMS is inderdaad 'n hoogtepunt op talle skole se atletiekkalender. Die spogbyeenkoms, word al sedert 2019 aangebied en het vanjaar weer verskeie privaat atletiekakademies gelok. Onder die bekwame leiding van me Aliesha Odendaal het 2024 se byeenkoms seepglad verloop. Dankie aan ons hoofborg, **Rola Groep**, asook aan al die rolspelers wat bygedra het om die sukses van hierdie twee byeenkomste te waarborg. Ons is trots op raakvatter onderwysers en BD's. Ons is besonder trots op ons altelte wat tweede in die klein Skole-afdeling geëindig het. Die BD's was algeheel 8ste en het in die proses 'n klomp groot skole geklop.

Die finale uitslae is as volg:

Groot Skole (bo 600)

1. Parel Vallei
2. Worcester Gimnasium
3. Brackenfell

Klein Skole (onder 600)

1. Vredendal
2. Bredasdorp
3. Overberg



Christelize Kotze, gr 8, verbeter die DO.14 Hoogspringrekord na 1.60 m. Voorwaar 'n puik prestasie!



Justin Bailey

Spanverslag Bredasdorp A (BRD2A)

Items sonder uitslae is weggelaat.

No	Naam	Van	Ges	Oud	Item	Uitslag	Plek	ASA
	Alicia	Mukaratirwa	D	14	27 - 100m	12.73	2	845
	Christelize	Kotze	D	14	23 - HS	1.60	1	825
	Alicia	Mukaratirwa	D	14	40 - 400m	1:03.37	1	817
	Alicia	Mukaratirwa	D	14	70 - 200m	27.67	2	808
	Junicke	Newman	D	17	31 - 100m	13.33	5	763
	Junicke	Newman	D	17	79 - 200m	28.86	4	741
	Christelize	Kotze	D	14	46 - 90mH	16.64	5	709
	Urlinn	Henecke	S	17	32 - 100m	10.84	3	786
	Llwellyn	Gabriels	S	17	11 - VS	6.32	1	748
	Aiden	Payne	S	17	26 - 1500m	4:31.86	6	722
	Junaid	Hansen	S	17	45 - 400m	54.33	4	671
	Luke	Gabriels	S	14	52 - 100mH	14.08	1	670
	Urlinn	Henecke	S	17	80 - 200m	23.43	3	644
	Jaco	Henning	S	17	74 - GS	13.00	6	644
	Luan	Coetzee	S	14	64 - GS	12.51	4	639
	Jaco	Henning	S	17	20 - DG	36.93	4	472

Medaljes (Sonder Aflosse) - Goud: 4 Silwer: 2 Brons: 2

Spanverslag Bredasdorp B (BRD2B)

Items sonder uitslae is weggelaat.

No	Naam	Van	Ges	Oud	Item	Uitslag	Plek	ASA
	REMY	WESSELS	D	15	42 - 400m	1:09.37	3	722
	JUSTIN	BAILEY	S	14	34 - VS	5.56	4	708
	WAYLON	ABRAHAMS	S	15	43 - 400m	56.46	4	639

Medaljes (Sonder Aflosse) - Goud: 0 Silwer: 0 Brons: 1



Baie dankie aan elke BD wat gehelp het en bygedra het tot die groot sukses van vanjaar se Top 10 Atletiekbyeenkoms. Talle hulpvaardige BD's het nie gehuiwer om op vele terreine te help om sake vlot te laat verloop nie. Hulle leef beslis die BD-waarde, VERANTWOORDELIKHEID, prakties uit.

HSB SPOG MET SY EIE HAMERGOOIHOK

Danksy onbaatsugtige diens, fyn beplanning en die handevat van onderskeie rolspelers, spog die BD's nou met hulle eie hamergooihok op ons terrein. Ons is baie dankbaar vir Hoërskool Outeniqua wat hul hamergooihok vir HSB geskenk het na opgraderings op hul velde, asook vir Bredasdorp Trailors wat 'n sleepwa geborg het sodat die hok veilig vanaf George vervoer kon word.

Vir Antonie en Nikki du Toit van Antoinette Events wil HSB uit hul harte dankie sê vir hul volgehoue diens en harde werk. Hulle ontsien geen moeite om fasiliteite uit te brei tot voordeel van die BD's nie.

Dit was geen maklike taak om hierdie hok af te breek, tot in Bredasdorp te vervoer en weer op op te rig nie. Dis beslis 'n atletiekdroom wat, danksy hulle insette, vir die BD's bewaarheid is. Ons is dankbaar dat die gemeenskap saam handevat tot voordeel van ons BD's.



GIRLS CRICKET vs Curro Hermanus, 17 October 2024

We would like to congratulate the u.19 girls cricket team, you make us proud!

The BD'S won the toss and decided to field first. Curro scored 78/6 in 20 innings.

Junicke Newman was the best BD bowler - 2/6 (4 innings)

During the BDs' innings, they scored 79/8 in the 18th over.

The BD'S won the match convincingly by 2 wickets.

A well-deserved win!



Agter vlnr: Me Elza Olivier (afrigter), Tanisha Arries, Renske Lottering, Leoné Venter, Junicke Newman, Palesa Namise, Mirrah Janse van Rensburg

Voor vlnr: Jodi Olivier, Chandré Abrahams, Fayannette Kruger, LZ du Toit, Kyla Louw

TENNIS

Vyf BD's was verlede naweek deel van die O.18-Overbergspan wat teen Kavaliers-Noord, Weskus-Suid en Weskus-Noord in Vredendal gespeel en hulle geklop het. Baie geluk! Baie dankie aan mnr JP Terblanche (afrigter) wat hul vergesel het.

Baie geluk ook aan Daniël Fourie en Stephan Lochner wat die O.15-Overbergspan in Lutzville verteenwoordig het.

Vlnr: Lohann Fourie, Mieke Saayman, Luan Prins, Nina Terblanche, Jan-Carel Lochner



JAARTEMA:
CONNECT

KWARTAALTEMA
Connect Community

GIRLS HOCKEY

The BD-hockey girls played matches against Surbiton School from London, England on 21 October 2024. They enjoyed the encounter and learned a lot while having fun.

The results of the three combined teams (u.14, u.16, u.18) are:

Team 1 lost 0-6
Team 2 lost 0-3
Team 3 lost 0-7



SEUNSKRIEKET

Baie geluk aan Alexander Janse van Rensburg wat genooi is na die finale o.17-Boland krieketproewe wat eerskomende Sondag in Worcester, by Worcester Gimnasium plaasvind.



BD'S PRESTEER IN RUITERKUNS

• Robertson Skou

Jessica Flack, gr 9, het vanaf 24 tot 27 September by die Robertson-skou aan ruiterkuns deelgeneem en die volgende plekke behaal:

Barren Mare bo 8 jaar: 1e plek
Child handler: 2e plek
Walliese ponie bo 2 jaar: 3e plek
Fancy dress: 7e plek

• Villiersdorp Skou

Adri Groenewald, gr 11, het op 11 en 12 Oktober by die Villiersdorp Skou aan ruiterkuns deelgeneem en die volgende plekke behaal:

Kampioen 3 gang ryperd by skou: 5e plek
Beste ruiter, 3 gang ryperd, beste perd by die skou, beste ruiter by die skou: 4e plek
Beste draf, beste ruiter, kampioen 3 gang ruiter by die skou: 3e plek
Beste gallop: 1e plek

Julle maak ons trots!



Jessica Flack, gr 9



Adri Groenewald, gr 11

RUGBY

Alexander Janse van Rensburg en Urlinn Henecke is in die voorlopige EPD-rugbystruktuur (Elite squads) opgeneem. Sterkte met jul oefeninge en verdere deelname. Baie geluk!



NETBALL

Surbiton School from London, England paid a visit to the Overberg region and the southernmost tip of Africa on 21 October. They wanted to compete against Bredasdorp High School on the sports field. A mixed BD netball team won their match 40-13. Congratulations, netball players!



ONDERWATERHOKKIE

Baie geluk aan die volgende onderwathokkiespelers wat op 19 Oktober tydens Boland Onderwathokkie se jaarlikse Prysuitdeling, welverdiende toekennings ontvang het:

Hugo Pretorius: Beste o.16A Seunsspeler

Hugo Bester: Beste vordering o.19A Mans

Rémy Wessels: Beste vordering o.16A-dogters

Jan-Carel Lochner: Beste vordering o.16A-seuns

Ons is trots op hulle toewyding en mooi prestasies.



Vlnr: Hugo Pretorius, Hugo Bester, Jan-Carel Lochner, Rémy Wessels

VRL BIED BD-SOKKIE AAN

Die Matriekraad het op 23 Oktober 'n laaste sokkie vir 2024 vir die gr 8-11 BD's gehou – net voor die eksamens begin en die skool sluit. Dit was nie net 'n fondsinsameling nie, maar ook 'n geleentheid vir lekker geesbou. Baie dankie aan elke VRL-leerder wat gehelp het deur snoepieskofte te werk. Die toesigpersoneel, mee René Brooks, Sanna Prins, Belinda Richter, Liezel van Schalkwyk, Estelle Genis en Eloïse Nel verdien ook 'n baie groot dankie. Hierdie genotvolle aand was 'n reusesukses.

**JO BLACK OPTREDE: 1 NOVEMBER**

Die bekende sanger, Jo Black, het ook 'n bediening veral vir seuns en pa's. Ons Hartklospan het hom genooi om op Vrydag, 1 November, vanaf 8h00 tot 9h00 met die hele skool en personeel in die NG Kerkzaal te kom gesels. (Die matrieks skryf dan Wiskunde in ons skoolsaal.)

Ouers is baie welkom om ook na die praatjie te kom luister. Vanaf 9h00 tot 10h00 gaan hy met die seuns, manspersoneel en pa's 'n gesprek hê (in die kerkzaal). Die dogters en damespersoneel sal dan 'n aparte sessie by 'n ander venue hê. Ma's sal ook welkom wees om hierdie sessie by te woon.

Alle leerders meld dus op **Vrydag, 1 November, om 7h30** met hul tasse **by die kerkzaal** aan. Na afloop van hul sessies sal hulle onder toesig van die personeel na die skool stap.

VRL/RCL 2025

Agter vlnr: Ruan Temmers, Suzanne Pretorius, Marc-Lee Kapot, Alexander Janse van Rensburg, TJ du Plessis, Willem Strauss

Voor vlnr: Junicke Newman, Mieke Saayman, San-Mari Rossouw, Hope Summers, Minke Saayman, William Swartbooi, Cole Coetzee

Baie geluk aan die BD's wat as hoofleiers 2025 vir HSB en Heldersig Koshuis verkies is,



HSB HOOFLEIERS 2025: Vlnr Minke du Toit (onderhoofdogter), Mieke Saayman (hoofdogter), TJ du Plessis (hoofseun), Ruan Temmers (onderhoofseun)



HELDERSIG KOSHUIS HOOFLEIERS 2025: Vlnr Kara Liebenberg (onderhoofdogter), Michaela Mc Donald (hoofdogter), Hugo Bester (hoofseun), TJ du Plessis (onderhoofseun)

BEHEERLIGGAAM TUSSENVERKIESING: 28 NOVEMBER 2024

Daar is tans 'n vakature vir een ouer op die beheerliggaam. Mnr Francois van Jaarsveld is intussen gekoöpteer om die portefeuljes van Akademie en Kultuur te hanteer.

'n Tussenverkiesing word op Donderdag, 28 November, om 17h30, in die skoolsaal gehou om 'n ouer vir hierdie portefeulje op die beheerliggaam te kies. Nominasievorms is beskikbaar by ontvangs, by die skool. Nominasievorms kan vanaf 21 tot 28 November, om 16h00, by ontvangs ingehandig word.

GOVERNING BODY BY-ELECTION: 28 NOVEMBER 2024

There is currently a vacancy for one parent on the governing body. Mr Francois van Jaarsveld has meanwhile been co-opted to handle the portfolios of Academy and Culture.

A by-election will be held on Thursday, November 28, at 17h320, in the school hall to elect a parent for this portfolio to the governing body. Nomination forms are available at reception, at the school. Nomination forms can be handed in at reception from 21 to 28 November, at 16h00.

